

Vlak 3: Beperkings is 'onduidelik, irrasioneel'

28 Mei 2020

Maroela-redaksie



Argiefoto (Foto: Gerd Altmann/Pixabay)

Organisasies het Donderdag gesê die [risikovlak 3-regulasies](#) wat deur minister Nkosazana Dlamini-Zuma aangekondig is, is “onduidelik en irrasioneel”.

Demokratiese Alliansie

Haniff Hoosen, die DA se skaduminister van samewerkende regering en tradisionele sake, het gesê minister Dlamini-Zuma se regulasies fokus nie meer op die bekamping van die koronavirus nie, maar eerder om die vryheid van alle Suid-Afrikaners te ondermyn.

“Die regulasies is weereens onlogies, irrasioneel en het nie enige wetenskaplike basis nie. Suid-Afrikaners het nie meer vertroue in ons regering se vermoë om die algehele afsondering te bestuur op ’n manier wat aanvanklik die volledige ondersteuning van alle politieke partye geniet het nie,” het Hoosen gesê.

Die DA is veral besorg oor die volgende regulasies:

- Ons het geen beswaar om kerke te heropen vir die redes wat verskaf is nie, maar hulle versuim waarom ondernemings en ander instansies (soos restaurante) nie op dieselfde vlakke van veiligheid bedryf kan word nie.
- Ons glo nie dat die voortgesette verbod op tabakprodukte geregverdig kan word nie ná die redes wat minister Dlamini-Zuma in haar hofstukke aangevoer het. Sigarette moet verkoop word sodat daar ’n einde kan kom aan die onwettige handel wat die land miljarde rand kos en miljoene verbruikers laat skade ly.
- Alhoewel die regering die aandklokkeel van vlak 4 opgehef het, plaas hulle steeds ’n beperking op die tye wanneer mense mag oefen (06:00 – 18:00). Daar is eenvoudig geen rasonale rede waarom iemand nie enige tyd mag oefen of hoe dit die verspreiding van die virus sal verhoog nie.
- Dit maak ook nie sin dat ’n enkelouer lang hofaansoeke moet indien en ’n permit moet bekom om hul kind te vervoer nie, terwyl gewone Suid-Afrikaners ’n drankwinkel tussen 09:00 en 17:00, Maandag tot Donderdag, mag besoek. Dit is ’n groot ongerief vir enkelouers en ons meen dit moet in sy geheel uit die regulasies verwyder word.

- Die voortgesette beperking op haarsalonne en persoonlikesorgdienste is 'n teleurstelling en sal 'n groot impak hê op duisende klein ondernemings in dié bedryf. Talle word gedwing om nou onwettig hul bedrywighede voort te sit of het reeds hul ondernemings se deure permanent gesluit. Daar is geen regverdiging waarom die regering dink dit is aanvaarbaar dat dosyne pendelaars op vliegtuie en in taxi's mag reis, maar 'n salon mag nie handel dryf met vyf persone met dieselfde veiligheidsvlakke nie.
- Die verkoop van alkohol vir slegs vier dae van die week dra nie op enige manier by om die verspreiding van die virus te bekamp nie. Trouens, dit sal waarskynlik die teenoorgestelde effek hê, omdat lang rye Donderdae by drankwinkels sal vorm.

Hoosen het gesê die DA verwerp ook die outoritêre manier waarop die regering die afsonderingsriglyne hanteer. “Ons sal alles in ons vermoë doen, insluitend om die hof te nader, om te veg vir ons vryhede wat in ons Grondwet vervat is.”

AfriForum

Die burgerregteorganisasie AfriForum doen 'n beroep op dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, minister van samewerkende regering en tradisionele sake, om die “irrasionele regulasies” te herroep wat vir risikovlak-3 bekend gemaak is.

“Die Tshwane Metro en Ekurhuleni Metro is byvoorbeeld as sogenaamde brandpunte verklaar terwyl Tshwane tans 3,7 en Ekurhuleni 4,5 aktiewe Covid-19-gevalle per 100 000 mense het,” sê Barend Uys, hoof van navorsing en ontwikkeling by AfriForum. “Dit terwyl dr. Zweli Mkhize, die minister van gesondheid, aangedui het dat daar vyf aktiewe Covid-19-gevalle per 100 000 mense moet wees om 'n metro of distrik as brandpunt te klassifiseer.”

Uys meen mense is moeg daarvoor om soos onderdane behandel te word. “Ons is nie kinders nie; ons het die vermoë om self berekeninge te doen. Dit is onaanvaarbaar dat die een minister 'n riglyn aankondig en die volgende dag word daardie riglyn deur 'n ander minister weerspreek. Waarom daar op vyf gevalle per 100 000 besluit is, word ook nie aan mense verduidelik nie.”

Volgens hom moet die minister ook die regulasies herroep waarvolgens wildreservate, opelugmuseums, strande en parke gesluit bly. “Dit is irrasioneel omdat dit maklik is om sosiale distansiëring by sulke plekke te handhaaf en goeie lugsirkulasie 'n gegewe is. Daar is verder geen rasonale rede waarom museums steeds gesluit bly nie – sosiale distansiëring en ander maatreëls kan gevolg word, soos by ander persele die geval is.”

Ten spyte daarvan dat president Cyril Ramaphosa gesê het 'n mens sal ter enige tyd kan oefen solank riglyne gevolg word, word oefen nou slegs toegelaat tussen 06:00 en 18:00. “Dit is weereens 'n onnodige aantasting van mense se vryheid,” voeg Uys by.

“Dit is onrusbarend dat kerke uitgesonder word. Die getal mense wat 'n hele dag lank binne 'n werksomgewing kan wees, word bepaal deur die vloeroppervlakte van die gebou, terwyl kerkbyeenkomste, ongeag die grootte van die gebou, tot slegs 50 lidmate beperk word.”

VF Plus

Pieter Groenewald, leier van die VF Plus, het in 'n verklaring gesê soos dit voorheen die geval was, is daar steeds talle vrae en onduidelikhede oor die fyner besonderhede van vlak 3-

regulasies en daar is steeds te veel gevalle waar beperkings bloot nie rasioneel is nie, soos die verbod op ondernemings soos haarsalonne en die beperking op oefentye.

“Die regulasies vir vlak 3 bevat talle klousules wat eers in werking gaan tree nadat die betrokke kabinetsminister direktiewe daarvoor in die *Staatskoerant* gepubliseer het. Dit skep onsekerheid,” het Groenewald bygevoeg.

“Betreffende die uitsluitingstabel oor bedrywighede wat onder dié vlak toegelaat sal word, is ook groot onsekerhede. Wat sekere onderwyssektore en openbare vervoer aanbetref, word gewag op aanduidings deur bepaalde direktiewe van die ministers.

“Dit moet in gedagte gehou word dat vlak 3 van 1 Junie geld wat die vraag laat ontstaan of hierdie onduidelikheid betyds uit die weg geruim gaan word voordat daar na dié vlak oorbeweeg word. Dit sal waarskynlik nie gebeur nie, wat beteken dat talle ondernemings steeds onsekerheid het oor hul situasie.”

Groenewald het gesê die aankondiging dat kerke wel hul deure kan oopmaak om dienste te hou is aanvaarbaar, maar die beperking op aantal kerkgangers is nie prakties uitvoerbaar nie.

“Die nuwe tydbeperking vir oefening met die voorwaardes daaraan verbonde, is net soos voorheen irrasioneel. So ook die verbod op ondernemings soos haarsalonne, en skoonheidskundiges. Dit is onaanvaarbaar. Die beperkte tye vir drankverkope sal ook bloot daartoe lei dat meer mense oor korter verkooptye sal moet saamdrom om hul aankope te doen.”

Groenewald meen die tyd het aangebreek dat die regering groter vertroue in die publiek plaas om in sommige aspekte saam te werk. “Tot nou toe was die groter publiek se samewerking onder moeilike omstandighede goed. Die onbenullige beperkings toon egter ’n ongesonde behoefte van die regering om steeds oor alles beheer uit te oefen en dit te oorregeleer.”